51

# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -nr. 51 Augustus 2024*

| Belangrike interne nommers |
|---|
| **Oordbestuurder** 7003 |
| **Ontvangs** 7001 en 7002 |
| **Onderhoudspan** 1128 |
| **Sekuriteit** 6363 en 1126 |
| **Sorgsentrum** 7020 en 1130 |
| **Suster Ina** 7025 |
| **Wassery** 7021 |
| **Kliniek Andrea** 1127 |
| **Haarsalon** 7019 |
| **Skoonheidsalon** 7005 |
| **Koffiewinkel** 7029 |
| **Eksterne Nrs** |
| **Ambulans** 086 108 6911 |
| **Oordsuster (nood)** 076 2123412 |
| **Onderhoudsspan** 064 812 0093 |
| **Brandweer** 071 409 9254 |
| **Metro polisie** 012 358 7095 |
| **SAPD Sinoville** 012 543 8800 |
| **Dr Venter** 066 152 9552 |
| **Kombuis** 012 000 4439 |
| **Sorgsentrum** 012 000 4438 |
| **Of Nood** 060 326 2659 Ina |
| **KLB elektries** 071 194 2153 |
| **VDR Loodgieter** 071 194 2153 |
| **Best Loodgieters** 012 453 1760 |

## BEST OF PRETORIA




Ons vra dat u tog sal seker maak om te stem vir ons oord. Ook u vriende en familie asseblief.
**Dit beteken geweldig baie vir die bemarking van ons oord.**
**U gaan na " bestofsouthafrica.co.za/Pretoria "**
**Dan gaan u af na "living in Pretoria" kliek en gaan dan na "best retirement village" en tik daarin "Bougainvilla aftreeoord" gaan verder af en "Submit"**
**Elke foon en elke rekenaar het 'n stem. Vra u kinders ook om te stem en te help indien nodig. Kompetisie sluit 6 September om 12:00.**
**Die dames in die kantoor sal u ook met graagte help. KOM ONS DOEN DIT!!**

## KOFFIEWINKEL

Die kiosk-rakke in die koffiewinkel sal skuif van die Suidekant na die Westekant. Die Noordekant se vensters verdwyn en word toegemessel en die kraak sal in die proses herstel wees.
Daar sal blindings vir die vensters geplaas word. Dank aan donasie daarvoor aan Susan en haar markspan. Die werkspasie aan die Noordekant sal verleng word tot volle breedte van koffiewinkel.
Die gedagte om 'n afdeling te skep wat afwisselend deel van eetsaal sou bly en af en toe deel van koffiewinkel is laat vaar.
Daar word ondersoek gedoen om moontlik 'n louvredek tussen saal en braaigebou op te rig as alternatief. Sal ook help om son uit ons oë te hou by die buite TV. Die voëlmis probleem sal ook verminder. Die deel ten Suide van braaigebou sal steeds oop wees.

## BESPROEIING BOORGAT

Besproeiing gaan deur tot by die omgewing van huis 75 en 104.
Gebruik asseblief so min as moontlik munisipale water (net vir menslike gebruik) sodra u binne bereik van boorgat water is.

## VLIEGTUIG UITSTALLING

Daar sal 'n uitstalling in die saal wees die 18de en 19de September. Dit sal bestaan uit egte vliegtuie wat kan vlieg. Dit beloof om baie interessant te wees. Hou die datums oop en nooi u vriende om te kom kyk.

## SPITBRAAI

Die kombuis reël 'n spitbraai vir die 21ste September. Bespreek en betaal by die koffiewinkel. Moet nie daardie geleentheid misloop nie.

## 11^de^ verjaarsdag

**Ons vier die oord se 11de verjaarsdag op die 6de en 7de September.**
**Die program is opwindend.**

**Dit sluit ons maandelikse mark in op beide dae en ook ons jaarlikse pretstap deur die oord op die 6de. Bewonder die pragtige tuine terwyl u stap. Kunstenaars sluit in:**

**Silver Sounds**
**Dirk Luis**
**Heidi**
**Ray Cunningham saam met skoolkinders".**
**Die 7de steeds mark, plus die volksspelers & Marco die Musiekman wat gaan optree.**




## DIE PRETSTAP TRADISIE

Dis 'n jaarlikse instelling met 'n voorafbepaalde roete en waterpunte langs die roete. Moenie hierdie een op 6 September om 08:00 misloop nie!!!!

## DINSDAG GESONDHEIDSDAG

**Trimgim** is elke Dinsdagoggend, kom neem deel aan die aktiwiteite dis uitstekend vir u gesondheid.
Ideaal vir die wat nog redelik op hul voete beweeg.

**Stoeloefeninge** Nou is daar elke Dinsdagmiddag STOELOEFENINGE van 15:00 tot 16:00.
Daar was talle van ons inwoners wat reeds aan die oefeninge deelgeneem het tydens die bekendstelling. Kommentaar van almal was BAIE positief. U gaan spiere ontdek wat u nie geweet het, dat u hulle het, terwyl u sit.

**Stap deur die oord**. Ons gereelde stappers sal kan bevestig dat dit van die beste oefening is vir ons algemene gesondheid. Dis nie net Dinsdae nie maar vir elke dag van die week op u eie tyd.




NUUT BY BOUGAINVILLA

*Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons Dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidsalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudie, ons kaartspeletjies, ons stoeloefeninge, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons Vrydag pannekoekverkope,ons veerpyltjies, ons tafeltennis, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!*
**JB**